

Philipstown jongooi Merinoklub – ‘n kwart eeu van entoesiasme



Divvie Khoba en Daniel Baartman (op foto) was die skeerders van klubkompetisie se ooitjies

Michael Vakele (klasser), Werner Olivier (woltipering) en Joseph Mazerg (afrander) beman die skeertafel



Die weeg- en merk van vagte is deur Pierre vd Berg en Zoë Pienaar behartig



Ina Kitching, Pieter de Jager, Roelo en Lienke du Plessis by die dataverwerking afdeling

Met die aankoms en instap by die Philipstown jongooi Merinoklub jaarafsluiting, sien mens sommer dadelik hier is vandag Merino-aksie! Ou hande in die bedryf is daar: Freddie, Tot, Dan (en hul seuns), Andries, Giepie ... en ook die jonger manne, Merinoboere en –adviseurs. En natuurlik die borge verteenwoordigers, dames wat sorg dat die verversings reg en alles mooi is, en dié wat net kom kyk, digby ‘n 100 in totaal. Maar vandag gaan dit eintlik om die minder bekende manne, almal trots en netjies geklee in hul bruin Philipstown jongooi Merinoklub hemde.

Die voorsitter, Herman Venter, en die ander manne stel hulself vriendelik voor en help net waar hul kan, so tussen die skouery deur. Die skou word gehou in ‘n groot onderdak faciliteit met aangrensende ontspanning- / eetsaal en kroeg. Eintlik is dit ‘n 2-in-1 skou, vir die jongooiklub en vir enige “buitetelers”.

Alles is goed georganiseer: by die “klubskou” is BKB se Corné Nel en Joe van der Westhuizen die beoordelaars (hand en oog), die skeerders staan reg onder die wakende oog van Elna Kitching (top wolklasser) en die wolklas, -weeg en dataverwerking spanne

is gereed. By die opeskou is Gawie van Wyk van die NWKV die beoordelaar. Vyftien boere het ingeskryf (5 ooitjies per groep) en daar is 80 ooie wat beoordeel moet word. By die klubskou is nog 66 ooitjies van 11 deelnemers.

Maar eers bietjie agtergrond. In Januarie 1989 het agt van die distrik se Merinoboere besluit het om ‘n evalueringsprojek met jong ooie te begin met die doel om onder homogene omgewings- en bestuurstoestande die ekonomiese waardetoevoeging van Wol en Vleis by jong Merino ooie te bepaal. Die gedagte was om die Philipstown boere meer entoesiasties te maak oor die Merinoras. Hierdie stigterslede van die klub se eerste inname van jong ooie was in Maart 1989 op die plaas Driefontein van Stoffel Vermeulen. Elkeen van die 8 deelnemers het 7 speenooilammers ingeskryf vir die toets wat agt maande duur. Op 29 November 1989 is die eerste evalueringsdag gehou.

Herman vertel: “Die skou werk nou só: Na die sukses van die eerste skou is tien deelnemers by die projek betrek wat elk ses ooie inskryf (Maart), waarvan die gemete produksie van die vyf bestes in elke groep tel. Verder word daar elke jaar ‘n gasteler uit ‘n ander

Die klubledle is: Joffie du Plessis, Eric Battenhaüßen, Dicky Vermeulen, Herman Venter (voorsitter), Pieter van der Merwe, Jopie Fourie, Fritz Battenhaüßen, Roelo du Plessis, Pieter de Jager, Rassie Smit (sekretaris)



distrik genooi om deel te neem. Vanjaar was die projekbestuurder Rassie Smit van Cypherkuil. Toestande was vir die grootste deel ongunstig, dus het die ooitjies ook onderhoudslek gekry. By innname is hulle geskeer en 'n aanvangsmassa te bepaal. Die res van die bestuurspraktyke soos inventings, doserings en byvoeding is aan die gasheer oorgelaat. Gereelde weeglyste is aan die deelnemers gestuur oor die vordering van die ooie. In Oktober is 'n besigtiging- en besprekingsdag gehou en die skou vind plaas op die eerste Vrydag in November. Ons het twee jaar gelede besluit om ook 'n buite opeskou te organiseer waar telers wat nie aan die klub behoort nie elk vyf tweetand ooie bring en teen mekaar skou. Die ooitjies word beoordeel volgens 'n puntestelsel sodat ooie met langer en korter wol kan deelneem."

By die opeskou orkestreeer Gawie sake as beoordelaar / kommentator verrigtinge. Elke ooitjie word "oopgemaak" en gepunt. "Pragtige fynwol, sagte hantering ... wol 7,6 kop, voor 7 en agter 8" ken hy punte toe en Nadia skryf. "Bietjie langer bene met min vleis, soos ek" word tussenin gegooi en ook leersame tussenwerpsels soos "Die stertwortel is gevoelig, druk daar op die petrol vir vorentoe; druk die neus toe vir reverse." Ook "Haar tandjies is gedaan, sy moet gehelp word met kos, soos die vashouer", hou die toeskouers geammuseerd en geïnteresseerd.

Oor veranderinge die afgelope 20 jaar wat hy betrokke is by die klub sê Herman: "Ons skape het fyner en eenvormiger geraak. Die tipe bietjie gladder. Omtrent almal gebruik nou lamhokkies." Hy loof ook die bydrae wat Joe van der Westhuizen as jarelange mentor van die klub gelewer het. Wat is bereik en hoe sien hy die toekoms van die klub? "In ons distrik boer die mense nie met iets anders as Merino's nie. Ons gaan nie binnekort verander aan ons wenresep nie. Die samehorigheid en vertroue, bespreking van probleme en nuwe konsepte, dinge saamdoen soos Nampo besoek – dit is



Joe vd Westhuizen, Herman Venter,
Corne Nel

Deelnemers aan die ope skou: Stephanus van den Heever, Gawie van Wyk (NWKV) Reinhard Kock, Freddie Kock, Andries Pienaar, Stewart Ferreira, Dan van den Heever, Jan Venter, Wim van der Merwe, Henry Smit, Herman Venter, Fritz Battenhaüssen, Pieter de Jager, Pieter van der Merwe



Gawie van Wyk beoordeel die opeskou ooitjies

wat dit vir ons lekker en die moeite werd maak!" Hy voeg trots by: "Vandag, na 25 jaar en die oudste Jongooi Merinoklub in Suid-Afrika, is die deelnemers so entoesiasties en die resultate net so interessant as aan die begin."

Die dag word afgesluit met prysuitdeling, ete en kuier.

Enkele uitslae a) Jongooiklub wenners: Fritz Battenhaüssen (fynwol), Roelo du Plessis (mediumwol), Herman Venter (sterkwol) en algehele winnaar, ook Beste groep van vyf ooie (R559 gem.) en Beste gemete ooi (R649). b) Buiteskou wenners: Langwol groep – Preiss & Kock, Kortwol groep – Wim vd Merwe, Beste ooi – Dan & Stephanus vd Heever.

Die sukses van die klub het aanleiding gegee tot verskeie jongooiprojekte in ander distrikte. Philipstown Jongooi Merinoklub kan met reg beskou word as een van die voorlopers vir die bevordering van die Merino-bedryf.

